COMMUNITY NEWSPAPER

PRICE R17.50

3 November 2026

Gans Berg Nuus/News

328 Edition

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Hermanus, Stanford

Astron maak Gansbaai lekker | Overstrand Private Hospital | LSG vier 120 jaar

Marine Dynamics treur oor geliefde skipper se tragiese dood

"Ek is verslae - Francois was 'n gewaardeerde werker, kollega en skipper - en ons moet, terwyl ons nog lewe, rustiger 'n koffietjie saam met vriende, familie en kollegas drink, want ons weet nooit wanneer dit die laaste keer gaan wees nie," het Wilfred Chivell gesê nadat hy van Marine Dynamics se skipper, Francois Swart, se afsterwe ná 'n noodlottige motorfietsongeluk verneem het. "Sommige nuus laat 'n mens sprakeloos - hierdie was een van daardie oomblikke."

Francois het sy lewe verloor in 'n tragiese motorfietsongeluk op die hoek van Guthrie- en Hoofwegstrate in De Kelders. Na verneem word, was Francois laatmiddag op Vrydag, 30 Oktober 2026, met sy motorfiets op pad na 'n vriendin se huis in De Kelders toe 'n motor, wat na bewering oor die stopstraat gejaag het, die botsing veroorsaak het - hy is op slag dood.

Gansbaai SAPD het bevestig dat die bestuurder van die motor van die ongelukstoneel af weggehardloop het, maar kort daarna gearresteer is. Hy het op Maandag, 2 November 2026, in die Hermanus-hof verskyn op onder meer 'n aanklag van strafbare manslag. Hy sal in aanhouding bly tot Vrydag, 6 November 2026, wanneer hy om borgtog sal aansoek doen. Sodra hy gepleit het, sal sy besonderhede deur Gansbaai SAPD bekendgemaak word.



"Die nuus oor ons geliefde vriend, kollega, skipper en lid van die Marine Dynamics-familie, Francois Swart, se tragiese afsterwe in 'n noodlottige motorfietsongeluk, het ons almal verslae gelaat," het Christine Wessels, Marine Dynamics se woordvoerder, aan die Gans-Berg Nuus gesê. "Dit voel asof 'n reusegolf oor ons gespoel het, en ons probeer steeds om ons voete te vind en uit te werk hoe om deur hierdie moeilike tyd te kom." Christine vertel verder: "Francois, jou liefde vir die oseaan en vir Gansbaai, jou vriendskap, jou aansteeklike geesdrif en jou kenmerkende, onblusbare entoesiasme om dinge aan te pak, sal bitterlik gemis word. Jou plek aan die ontbyttafel by die Great White House, waar soveel oggende met koffie, geselsies en 'n paar grappies begin het, sal vir altyd leeg voel."

Christine sê Francois was 'n besondere mens, 'n ware vriend, 'n gewaardeerde kollega en een van daardie mense wat 'n blywende indruk op elkeen gelaat het wat bevoorreg was om hom te ken. "Ons harte gaan uit na sy familie, vriende en almal wat hom liefgehad het in hierdie ongelooflik moeilike tyd. Die oseaan sal altyd 'n stukkie van Francois in hom dra - ons mis jou!"

Hardus Botha



The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.

Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.

All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.
Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.

Press Council FAIR

Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za

MEET the team

OFFICE: 028 205 0100
Whatsapp: 066 225 4282


MICHELLE VAN ZYL
OWNER / ADVERTISING
MICHELLE@GANSBERG.CO.ZA / 078 010 8286


MELISSA VAN ROOYEN
GRAPHIC DESIGNER / DESIGN@GANSBERG.CO.ZA
EDITORIAL CONTENT / INFO@GANSBERG.CO.ZA


HARDUS BOTHA
JOURNALIST
INFO2@GANSBERG.CO.ZA / 082 786 0484


TRACY HULME
ADMIN ASSISTANT
TRACY@GANSBERG.CO.ZA / 076 673 6283


JANINE WILLIAMS
ADVERT REPRESENTATIVE
JANINE@GANSBERG.CO.ZA / 072 831 1431


ERIKA SCHEEPERS
ADVERT REPRESENTATIVE
ERIKA@GANSBERG.CO.ZA / 072 489 5211

Astron maak Gansbaai lekker met 'n feestelike opening!



Attie Louw knip die seremoniële lint, met Kobus Groenewald wat toekyk.

Oorverdowende musiek, 'n DJ met 'n stem soos 'n wafferse afslaer, 'n Astron-konyn, 'n feestelike atmosfeer en dansende, persgeklede petroljoggies het die koppe op Donderdag, 29 Oktober 2026, in Hoofstraat, Gansbaai, behoorlik laat draai - almal wou weet wat op aarde daar aan die gang is! Dit was die amptelike opening van die Astron-motorhawe, voorheen Caltex, op die hoek van Hoof- en Frankenstraat.

"Ons het reeds in Maart vanjaar van Caltex na Astron oorgeskakel, met die petroljoggies wat toe reeds hul nuwe Astron-kleredrag gekry het," vertel Kobus Groenewald, bestuurder, wat die verrigtinge gereël het. "As gevolg van die groot aantal Caltex-motorhawens wat na Astron oorgeskakel het, moes ons amptelike opening tot vandag uitgestel word." En wat 'n feestelike opening was dit nie! Die seremoniemeester, wat bloot as DJ Bunny SA bekend staan, se musiek het die oortromme laat bewe - om nie eens van sy stem te praat nie! Hy sou enige professionele afslaer stom gelaat het. Wat meer is, een van die liedjies wat hy 'n paar keer gespeel het, was Manie Groenewald se 'Wat maak vir Gansbaai lekker', met die aangepaste woorde: 'Astron maak vir Gansbaai lekker'! Soos wat kliënte ingetrek het, het Annemarie sonder ophou kolwyntjies vir die motoriste aangedra, terwyl 'n dansende Astron-konyn sy neus oral ingesteek het.

Attie Louw was hoogs tevrede met die dag se feestelike verrigtinge. Attie is sedert 2013 die eienaar van Gansbaai Petrol, wat al drie Gansbaai se motorhawens insluit: Astron (voorheen Caltex) in Hoofstraat, Birkenhead Motors (Shell) in Hoofstraat en Gansbaai Motors (Shell) oorkant Gansbaai-hawe. "Die amptelike opening van Astron is vir ons 'n trotse oomblik en ook 'n hoogtepunt vir die jaar," het hy gesê. Die twee algemene bestuurders, Kobus Groenewald en Schalk Strauss, was ook die ene opgewondenheid en het selfs saam met die personeel 'n paar danspassies uitgevoer. Koos van der Walt, Astron se areabestuurder: On the Move, het die sertifikaat ter bevestiging van die oorskakeling aan Attie oorhandig.

Kobus het vertel dat Astron Energy reeds in 2022 begin het om alle Caltex-stasies na Astron oor te skakel. "Vandag is 90% van die 850 Caltex-stasies reeds oorgeskakel, met Gansbaai se Caltex-stasie wat die 684ste een is wat die nuwe handelsmerk gekry het," het Kobus gesê. "Ons bedank graag ons getroue kliënte vir al die jare se ondersteuning en vertrou dat ons nog baie jare onder die nuwe Astron-vlag uitstekende diens sal kan lewer." Tydens die drie uur lange feesvieringe is diesel as deel van die openingspromosie teen 50c per liter goedkoper verkoop. Smaaklike verversings en koue koeldrank is ook bedien - 'n bedrywige drie ure propvol pret en plesier!

Hardus Botha


Kobus Groenewald en Attie Louw, met die sertifikaat wat deur Koos van der Walt (regs) oorhandig is.


Schalk Strauss, die Astron-konyn, Kobus Groenewald en Attie Louw.





Be part of our 2027 Tides Booklet
Book your advert
Contact us:
Janine: 072 931 1431
Erika: 072 499 5211
Michelle: 078 010 8286

GUTHRIE & THERON
PROKUREURS
DIENSTE
GRATIS TESTAMENTE
Oordragte, Boedels & Kontrakte
Ervare prokureurs
Persoonlike benadering
contact@gtlaw.co.za
Kontak ons
Gansbaai: 028 384 0100
Caledon: 028 212 1060

Prag LOCKSMITH
LEATHER REPAIRS
CAR KEY'S CUT & PROGRAMMED
9A LONG STREET. HERMANUS
083 660 9115

Verskillende denominasies, een gebed vir Suid-Afrika

Opregte gebede het op Sondag, 1 November 2026, opgegaan vir die komende munisipale verkiesings, wat teen die ter perse gaan van hierdie berig reeds agter die rug sal wees. Gemeenskapslede uit verskillende denominasies in Groter Gansbaai het by die kruis op die hospitaalterrein byeengekom om in gebed te verenig. Die hoofdoel daarvan was om vir 'n vreedsame verkiesingsdag in gebed te verening - vir Suid-Afrika, maar in die besonder vir die Overstrand, Overberg en Groter Gansbaai.





Die programleier was past Lee-Anne Swanepoel, en Sylvia Welkom het met haar kitaar die samesang begelei en self ook enkele liedere gesing. Die Inspirationals-mannekoor van Blompark het met gewyde koorsang aan die verrigtinge deelgeneem. Die SCP-voorsitter, Deon Naudé het die verwelkoming behartig, waarna Sammy Brett die openingsgebed gedoen het. Ds Floors Avenant het Miga 6:6-8 en 1 Timoteus 2:1-2 as teksgedeeltes vir sy boodskap gebruik. Die mikrofoon is daarna rondgestuur, en talle teenwoordiges het die geleentheid gekry om gebede te doen - alles met die oog op 'n vreedsame verkiesing.

Hardus Botha



Betsie van der Merwe, oftewel Elizabeth Christina Maria (née Vorster), het op Maandag, 2 November 2026, op die ouderdom van 100 jaar van haar stemreg gebruik gemaak. Die OVK het haar tuis in De Kelders besoek, waar sy met 'n breë glimlag haar stem uitgebring het. Betsie is op 14 Junie 1926 in Edenburg, Vrystaat, gebore. Sy en haar eggenoot, wyle Charl van der Merwe, het hulle in 1991 permanent in De Kelders gevestig, waar Charl haar in 1999 ontval het. In Gansbaai was Betsie 'n staatmaker wat op verskeie gebiede baie aktief was. Nou het sy die besondere voorreg geniet om selfs op die hoë ouderdom van 100 jaar steeds haar stem in die munisipale verkiesing te kon uitbring.
Hardus Botha



HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:
Hardus:082 786 0494
info2@gansberg.co.za

FYNBOS
POLE DEPOT
C/O ALL SAINT & ROTHMAN STREET – B R E D A S D O R P
20 MIMOSA STREET – H E R M A N U S
E-mail: headoffice@fynbospoles.co.za
Website: www.fynbospoles.co.za
PINEPOLES - TAPER (CCA H4)
DROPPERS & LATHS (CCA H3)
WOODCHIPS AND SHAVINGS
GARDEN EDGING
FIREWOOD
Office: 028 384 1587 / Cell: 082 895 5949

GROENEWEIDE
082 301 9041
Restaurant en Kwekery
8h00-16h00 (naweke: 8h00-14h30)
Selfsorg Akkommodasie
www.groeneweide.co.za
Speelpark en Plaasdiere
Voer die diere
Drumming Circle
Every 2nd Saturday of the month - 12h00
"Die Hangkas"
Events Venue
Hekelgroepie
Elke Woensdag 10h00
Hiking Trail
5km

Overberg Scaffold & Machine Hire
Verhuring van alle boutoerusting:
Sementmengers, Kompakteerders, Bore, Kragopwekkers, Brekers (Breakers)
Verskillende soorte Steierwerk (scaffolding)
Hoëdruk spuittoestelle vir die skoonmaak van mure en dakke.
Industriële Sirkel, Industriële Area
Gansbaai
Tel/Faks: 028 384 0189
Fanie Bothma
Sel: 083 296 2676

Overstrand Mediese Sentrum se opening nou in sig



"Ons deel graag die goeie nuus dat die bouwerk aan Overstrand Mediese Sentrum goed vorder en dat ons verwag om ons deure in April 2027 te open." Dit is die goeie nuus in 'n mediaverklaring wat die hospitaalbestuur gedurende Oktober 2026 uitgereik het, met die boodskap: "Overstrand Mediese Sentrum - Gehaltegesondheidsorg, nader aan jou huis!"

Die span betree nou die laaste fase van die bouwerk. Die kontrakteurs het die volgende tydraamwerk deurgegee:
*27 Oktober 2026 - Die bouwerk aan die radiologieverdieping het begin;
*6 November 2026 - Die hoofingang, PathCare, die apteek en Mugg & Bean sal voltooi wees;
*18 Desember 2026 - Die radiologieverdieping sal voltooi wees;
*Desember 2026 tot middel Januarie 2027 - Die boubedryf se jaarlikse vakansietydperk;
*11 Januarie 2027 - Die bouwerk aan die radiologie-afdeling se dak sal begin;
*3 Maart 2027 - Die radiologie-afdeling se dak sal voltooi wees.

Sodra die bouwerk voltooi is, beplan die bestuur om by die Departement van Gesondheid aansoek te doen om die hospitaal amptelik in gebruik te neem. Dit sluit die nodige inspeksies en nakomingskontroles in, waarna die langverwagte bedryfslisensie uitgereik sal word. Hierdie proses kan tot ses weke duur, daarom word verwag dat die hospitaal eers in April 2027 amptelik sal open.

Reeds teen die einde van 2015, sowat tien jaar gelede, het dr Pierre Nel en sy sakevennote Erf 3905 in Gansbaai as die ideale plek vir 'n privaat hospitaal geïdentifiseer - min wetende hoeveel onvoorsiene probleme oor hul pad sou kom! Op 28 Julie 2023 is Raadsdame Riana de Coning deur die hospitaalbestuur genooi om die eerste sooi vir die hospitaal te spit. Groot opgewondenheid het geheers, en die Gans-Berg Nuus was daar



om dié groot oomblik by te woon. Ook toe was daar min besef van hoeveel 'grys hare' nog vir dr Nel en sy vennote voorgelê het - maar uiteindelik is die amptelike opening van die hospitaal nou in sig.

"Ons is dankbaar vir die gemeenskap se volgehoue belangstelling, geduld en ondersteuning terwyl ons na hierdie belangrike mylpaal toe werk. Ons onderneem om gereeld vorderingsverslae met die gemeenskap te deel," lui die jongste verklaring.

Hardus Botha



28 Julie 2023 - Raadsdame Riana de Coning met die graaf, saam met dr Pierre Nel, André van der Merwe (Siviele Ingenieur) en hulle span tydens die sooispit-seremonie. (Argieffoto: Gans-Berg Nuus)



Welcome to the Disa bolusiana and the Ceretandra harveyana which had not previously been recorded at Grootbos. Bill Litveld and his astonishing expertise resulted in two additional orchid species being recorded and added to the Grootbos species list where we keep a record of all species recorded on the reserve.

Phillipa Murray



There is only one name to remember
NASHCA FUNERALS
Authorized Financial Service Provider FSP 53883
Cremation services • Funeral services
Funeral insurance • Tombstones
64 Dirkie Uys Street, Sandbaai, **Hermanus**
028 316 1659
57 Main Road, **Kleinmond**
028 271 4971
Bothma Centre, 57 Main Road, **Gansbaai**
028 384 0251
7 Queen Victoria Street, **Stanford**
028 34 101 34
082 322 0874

Kreatiwiteit kry nuwe tuiste by The Colour Box

"Ek bied 'n verskeidenheid kunsklasse aan, soos keramiek, mosaïek en verskillende verftegnieke, maar nie skilderkuns nie," vertel Elma Stofberg van Smart Creations. "Salmon Herselman was so vriendelik om vir my ruimte in sy winkel, The Colour Box, beskikbaar te stel." Salmon het aan Gans-Berg Nuus gesê dat hy baie opgewonde daaroor is. "Nadat ek die winkel uitgebrei het, wou ek al lankal voorsiening maak vir kunsbenodigdhede, aangesien daar groot belangstelling daarvoor bestaan," het hy gesê. "Ek is nie self kunstig nie, maar met Elma hier kan ek nou weet wat om aan kunstenaars beskikbaar te stel."

"Enige vorm van kuns is terapie - 'n geleentheid om af te skakel en tyd vir jouself te maak," is haar lewensuitkyk. "Die bevrediging lê daarin dat jou kunsskeppings iets is wat jy self gemaak het." Sy vertel dat sy alles wat sy al gemaak en gedoen het, self aangeleer en uitgedink het. "Ek stel al van vyfjarige ouderdom af in kuns belang!" vertel sy. Sy het lank in Hermanus gewoon en bied steeds daar een keer per maand kunsklasse aan. Sowat ses jaar gelede het sy na Gansbaai verhuis.



Elma Stofberg.



Gina Basson (links) en Amelia Gous besig met mosaïkwerk op potte.

Elma het twee weke gelede met die aanbied van kunsklasse by The Colour Box begin. "Die klasse word van Donderdae tot Saterdae aangebied, afhangende van besprekings," sê sy. Belangstellendes kan Elma by 082 828 1529 kontak of stuur 'n e-pos aan haar by elma@whalemail.co.za.

Hardus Botha

Lienke skitter by haar eerste perdeskou!

"Lienke Otto skitter by haar heel eerste perdeskou," het Laerskool Gansbaai (LSG) se mediaspan laat weet. Lienke, 'n Graad R-leerder(tjie!) van LSG, het besonderse prestasies tydens die Villiersdorp-landbouskou behaal. Dit was haar heel eerste skou, maar sy het gewys dat sy sonder twyfel 'n natuurlike ruiter is.

Kyk net hierna!
*2de plek - Beste Stap (10 jaar en jonger);
*2de plek - Beste Draf (10 jaar en jonger);
*2de plek - Beste Ruiter (10 jaar en jonger);
*3de plek - Algehele Beste Ruiter op die skou (10 jaar en jonger);
*3de plek - Kostuumklas

"Vyf puik plasings by jou heel eerste skou, Lienke! Ons is ongelooflik trots op jou harde werk, talent en deursettingsvermoë," spog LSG se mediaspan. "Mag hierdie maar net die begin wees van nog baie mooi perde-avonture en prestasies!"

Hardus Botha













Van Amerikaanse ambassade na Boathouse in Gansbaai-hawe



Sjef Joe Bussio en Charmaine Cooke, eienaar van Boathouse Pub & Restaurant.

Sjef Joe Bussio, die nuutaangestelde sjef by The Boathouse Pub & Restaurant in Gansbaai-hawe, het in Augustus 2026 by die restaurant aangesluit. Hy is 'n man met sowat 40 jaar se ervaring as sjef, wat onder meer internasionale en nasionale ervaring insluit. "My persoonlike *speciality* is *Cape French Cuisine*," het Joe aan die Gans-Berg Nuus vertel. Hy is reeds die afgelope 14 jaar 'n permanente inwoner van Gansbaai.

Joe het in Kommetjie grootgeword. Van 1980 tot 1990 was hy 'n permanente sjef in die Suid-Afrikaanse Vloot. Daarna het hy 12 jaar lank vir die Amerikaanse ambassade in Afghanistan gewerk, waaroor hy om veiligheidsredes nie veel wou uitbrei nie. "Oor my tyd in Afghanistan kan ek 'n boek skryf," het hy gesê. Hy het ook die kombuis/restaurant by die Caledon Casino, sommer hier om die draai, van die grond af gekry. Joe was verder een van die baie min sjefs wat gekeur is om vir sowat 10 dae maaltye aan die Amerikaanse president en sy gaste voor te berei. "Gelukkig was Trump nie een van hulle nie!" vertel hy met 'n breë glimlag.

Joe verwys ook na sowat vier jaar se ervaring in Afrika en Namibië, asook die talle bekende persoonlikhede, onder wie Gary Player, vir wie hy as sjef die geleentheid gehad het om kos voor te berei. Tydens die onderhoud was dit duidelik dat 'n volledige koerant nodig sou wees om Joe se jarelange en uiteenlopende loopbaan behoorlik op te teken. "Ek is baie opgewonde oor Joe se aanstelling," vertel Charmaine. "Ek twyfel nie daaraan dat Joe 'n groot aanwins vir ons plaaslike kliënte en besoekers sal wees nie." Joe het bygevoeg: "My aanstelling hier is my opwindendste projek in Gansbaai!"

Charmaine, wat sedert 2023 die eienaar van The Boathouse Pub & Restaurant is, sê sy was nog altyd tevrede met die gehalte van die etes wat aangebied word, maar glo dat Joe se insette dit nou na 'n volgende vlak sal neem. "Op hierdie stadium moet almal maar nuuskierig wees, maar kom stel gerus Joe se nuwe idees op die proef - niemand sal teleurgesteld wees nie," sê Charmaine. "Ons beplan ook om meer op funksies, partytjies en soortgelyke geleenthede te fokus." Vir besprekings of navrae kan Charmaine by 084 556 3640 of 066 569 6718 gekontak word. Navrae kan ook per e-pos aan theboathouse39@gmail.com gestuur word.

Hardus Botha

Die onvermoeide Christa van Dyk van De Kelders is steeds, sonder ophou, besig met breiwerk vir liefdadigheid. Tans werk sy aan haar 400ste truitjie, waarvan 373 reeds aan die kleuters van Makhathini in die ou Noord-Zululand oorhandig is. Christa brei ook babapakkies (baby grows), waarvan 12 reeds klaar is. "Ek begin nou ook truie brei vir die kinders van die groot skool daar, want die kinders wat reeds truie gekry het, wil dit glo nie uittrek nie!" vertel sy laggend. Alles word vrywillig en gratis gedoen. "Die skool daar het gevra of hulle die truie kan koop, maar ek verkoop niks nie, want ek kry die wol gratis en my arbeid is vir die liefde van die saak," sê sy.

Hardus Botha





HeliHack volunteers fell 5 334 invasive pines



Twenty-three volunteers were flown by helicopter into the remote upper slopes of the Boosmansbos Wilderness Area from 23 to 25 October 2026, where they felled 5 334 invasive alien pine trees across 904 hectares. The operation, led by the HeliHack Initiative in partnership with CapeNature, comes as the region continues to recover from the wildfires of 2025. With the South African Weather Service forecasting a strong El Niño and warmer, drier conditions during the 2026/27 summer, the fire risk in the months ahead is high.

Removing pines before the next fire reaches them is one of the most effective ways to reduce this risk. Boosmansbos lies in the Langeberg Mountains, north of Heidelberg, between Swellendam and Riversdale, adjacent to CapeNature's Grootvadersbosch Nature Reserve. It forms part of the Cape Floral Region Protected Areas World Heritage Site. Its sheltered kloofs contain some of the region's last intact Afromontane forest: ancient indigenous forest surrounded by mountain fynbos. The operation focused on large, mature pines growing on the slopes surrounding the main indigenous forest. Some are more than 40 years old and produce vast quantities of seed.

Fynbos is adapted to fire, but not to the intensity of fires fuelled by dense stands of invasive pines. These trees carry far more fuel than natural vegetation, causing fires in invaded areas to burn hotter, spread faster and become much harder to control. Such intense fires damage the soil, leave slopes vulnerable to erosion and increase the risks to firefighters, farms and homes. Fire also accelerates the invasion. Pinecones release large quantities of seed after a fire, allowing uncleared slopes to become even more heavily invaded. The 2025 fires demonstrated how quickly a blaze can spread through this landscape.

Boosmansbos also lies within a nationally recognised Strategic Water Source Area - one of the relatively small parts of the country that supply a disproportionately large share of its water. The mountain catchment feeds the Duiwenhoks River and Dam, which supply around 15 000 residents in downstream towns, as well as farmers who depend on a reliable water supply for their crops and livestock. Invasive pines consume considerably more water than the fynbos they replace, reducing the flow into rivers and dams. Keeping these catchments clear helps protect downstream water supplies and strengthens the system's resilience during dry years.



Over three days, the volunteers worked across steep, roadless terrain that ground teams could not realistically reach on foot within a practical timeframe. Helicopters transported them directly to the invaded slopes, allowing them to spend more time felling trees and less time hiking. Removing large, decades-old pines from steep slopes is slow, demanding work. Each mature tree felled eliminates a major seed source and reduces the fire fuel load near the indigenous forest. This was the sixth HeliHack operation in Boosmansbos since the first pilot project in April 2023. Including this latest operation, volunteers have felled 48 523 invasive pines across 7 284 hectares of the wilderness area.
(*Article shortened: Hardus Botha*)

CapeNature General Manager: Advocacy Petro van Rhyn

OVERSTRAND MUNICIPALITY

2nd ADJUSTMENTS BUDGET 2026/2027: ADJUSTMENTS BUDGET AND REVISED SERVICE DELIVERY AND BUDGET IMPLEMENTATION PLAN (SDBIP) FOR 2026/2027

Notice is hereby given in terms of section 21A of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) that Council approved the 2nd Adjustments Budget for 2026/2027 on 28 October 2026 in terms of section 28(2)(b) of the Local Government: Municipal Finance Management Act, 2003 (MFMA).

The documents will be available for perusal during office hours at the offices of the Managers Community Liaison in Gansbaai/Stanford, Hermanus and Kleinmond, in all the public libraries in the Overstrand, the Corporate Head Office of the municipality in Hermanus and on the municipality's website at www.overstrand.gov.za under Documents > Budget/ SDBIP.

OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT

2de AANSUIWERINGSBEGROTING 2026/2027: AANSUIWERINGSBEGROTING EN HERSIENE DIENSLEWERING EN BEGROTINGSIMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) VIR 2026/2027

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 21A van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) dat die Raad die 2de Aansuiwerings-begroting vir 2026/2027, ingevolge artikel 28(2)(b) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003), op 28 Oktober 2026 goedgekeur het.

Die dokumente is gedurende kantoorure ter insae by die kantore van die Bestuurders Gemeenskapskakeling in Gansbaai/Stanford, Hermanus en Kleinmond, in alle openbare biblioteke in die Overstrand, die Korporatiewe Hoofkantoor van die munisipaliteit in Hermanus en op die munisipaliteit se webwerf by www.overstrand.gov.za onder Documents > Budget/ SDBIP.

UMASIPALA WASE-OVERSTRAND

UHLAHLO-LWABIWO-MALI LOHLENGAHLELO LWESIBINI LUKA-2026/2027: UHLAHLO-LWABIWO-MALI LOHLENGAHLELO KUNYE NESICWANGCISO ESIHLAZIYIWEYO SOKUNIKEZELWA KWEENKONZO NOKUPHUNYEZWA KOHLAHLO-LWABIWO-MALI (SDBIP) SIKA-2026/2027

Kukhutshwa isaziso ngokungqinelana necandelo 21A loMthetho weeNkqubo zikaMasipala woRhulumente weNgingqi, ka-2000 (uMthetho 32 ka-2000), sokuba iBhunga livume uHlahlo-lwabiwo-mali loHlengahlengiso lwesiBini luka-2026/2027 ngomhla wama-28 kweyeDwarha 2026, ngokungqinelana necandelo 28(2)(b) loMthetho woLawulo lweZimali zikaMasipala woRhulumente weNgingqi, ka-2003 (MFMA).

La maxwebhu aya kufumaneka ukuze ahlolwe ngeeyure zomsebenzi kwii-ofisi zaBaphathi boNxibelelwano noLuntu eGansbaai/Stanford, eHermanus naseKleinmond; kuwo onke amathala eencwadi oluntu eOverstrand; kwi-Ofisi eyiNtloko kaMasipala eHermanus; nakwiwebhusayithi kaMasipala ethi www.overstrand.gov.za, phantsi kwecandelo elithi Documents > Budget/SDBIP.

EW JANTJIES
Acting Municipal Manager / Waarnemende Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala Obambeleyo
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200

Notice No /Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 230/2026

158064

DKPBBV-projek bring nuwe hoop vir natuurlike Strandveld



Die De Kelders en Perlemoenbaai Belastingbetalersvereniging (DKPBBV) het nog 'n suksesvolle projek geloods om die veldbrandgevaar in die area te verlaag. De Wet Conradie, voorsitter van die DKPBBV, sê die aktiwiteite van die afgelope week langs die brandstrook oos van De Kelders en noord van Guthriestraat kom byna 'n volle jaar ná die vernietigende brande van November en Desember 2025 en is ook 'n direkte gevolg daarvan. Hy sê die kwesbaarheid van wonings en infrastruktuur is opnuut uitgelig, waarna die Belastingbetalersvereniging (BBV) dit nodig geag het om stappe te doen om dié risiko te verminder.

"Hoewel die bestaande brandstrook aan die teoretiese vereistes voldoen, bied dit nie 'n waarborg van algehele veiligheid teen veldbrande nie,"sê De Wet. "Die BBV het daarom onderhandelinge met die grondeienaar begin om die brandstrook te verbreed."

Daar is op 'n gebalanseerde benadering besluit waarvolgens slegs die uitheemse indringerplante - in hierdie geval rooikransbome - in 'n strook van tien meter langs die bestaande brandstrook tussen Eden- en Beyersstrate uitgesaag en verwyder sou word.

Dit het egter 'n finansiële las op die BBV geplaas, aangesien 'n kontrakteur vir 'n tydperk van vier dae aangestel moes word. Inwoners is om bydraes genader om die koste te dek. Hoewel genoeg geld ingesamel is om die uitsaagfase te finansier, moes die gemeenskap van De Kelders en Perlemoenbaai self hand bysit om die afgesaagde materiaal te verwyder. Die Gansbaai-munisipaliteit het ook by die gemeenskap aangesluit en 'n aansienlike hoeveelheid materiaal verwyder. Die verwyderingstaak was teen Vrydag, 30 Oktober 2026, nog nie afgehandel nie, maar 'n houtversnipperaar sal nou ingespan word om hiermee te help.

De Wet sê dat die omvang van die rooikransbome se verdringing van die natuurlike Strandveld ná afloop van die uitsaagfase duidelik sigbaar was. "Dit is verblydend om spesies soos melkhoutbome nou bevry te sien, waar hulle voorheen onsigbaar was en tussen die rooikransbome om oorlewing moes veg." Hy het egter beklemtoon dat daar geen waarborg van algehele beskerming teen brandskade nie - ons weet almal van die Kaapse winde - maar die risiko is nou aansienlik verlaag.

Die DKPBBV-komitee versoek inwoners van De Kelders en Perlemoenbaai, wat nog nie lede van die BBV is nie, om by die vereniging aan te sluit. Só kan hulle help om 'n gesamentlike stem te vorm waardeur probleme, voorstelle en konstruktiewe kommentaar na die plaaslike bestuur gekanaliseer kan word. Kom word deel van 'n wenspan! Vir verdere inligting kan Zenobia by 082 923 3685 gekontak word, of 'n e-pos aan rpadkp@gmail.com gestuur word.

Hardus Botha





OVERSTRAND MUNICIPALITY

Applications are hereby invited from qualified persons to be appointed in the under mentioned vacancy:

PRINCIPAL INSPECTOR: K9 UNIT

Directorate: Municipal Public Safety
Department: Law Enforcement
Reference number: WC0329766
Basic Salary: Basic: R373 272 p.a.
Employment Type: Permanent
Place of Work: Hermanus

Requirements: • Grade 12 Certificate • Basic training qualification • A valid code B or C1 driver's licence • No criminal record • Firearm proficiency • Dog handler Certificate • Five–eight (5–8) years' relevant experience required of which two–three (2–3) years must be supervisory experience, of which three–four (3–4) years as a dog handler (Patrol, Narcotics, Explosives, Endangered Species, Fire Investigation, Search & Rescue in Law Enforcement environment) (Law Enforcement, Traffic, SAPS, City Metro Police).

To view detailed advertisements with all relevant information for the above vacancy please visit Overstrand Municipality's website at: www.overstrand.gov.za

For further information please contact Mr. Johan du Toit on 028 313 5096

Closing date: 18 November 2026

EW JANTJIES
Acting Municipal Manager / Waarnemende Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala Obambeleyo
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200
Notice No /Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 226/2026



CONTACT ME TO ADVERTISE
Erika: 072 499 5211 / erika@gansberg.co.za

CLASSIFIEDS

BUY • SELL • FIND • JOBS • SERVICES

028 205 0100



VIBRACRETE MURE
Gansbaai Precast

* Vervangings en Verhogings
* 1.8m Nuwe Mure teen R730 per meter (Prys net vir Gansbaai Area)
* GRATIS Kwotasies

10 Jaar waarborg op materiaal

Ons diens dek die hele Overberg

Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204

Te Koop

'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. **028 384 0480**



Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM

Anglo Windows

new for old
we open windows for you

Average home completed in one day

Jayson Hitge
082 413 3301
info@anglowindows.co.za

WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT

CNC Sweis & Staal

* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings

Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283

Gans-Berg News

Website Link

GANSBERGNEWS



Contact us to Advertise: Janine:072 931 1431 / janine@gansberg.co.za

Put your advert here

GETYE / TIDES 2027

GANSBAAI & SURROUNDS

Be part of our 2027 Tides Booklet

Janine: 072 931 1431
Erika: 072 499 5211
Michelle: 078 010 8286

Facebook Link

028 205 0100

066 225 4280

info@gansberg.co.za

CONTACT ME TO ADVERTISE
Erika: 072 499 5211 / erika@gansberg.co.za

Disclaimer at quackery advertisements

Gans-Berg News have not verified whether any of the services or products advertised will have the desired effect or outcome. Readers will note that some of the promised results in the advertisements are extraordinary and may be impossible to achieve. Beware some of the procedures and claims advertised may be dangerous if not exeouted by a qualified medical practitioner. Readers are wared that they should carefully consider and verify the advertiser's credentials. Gans-Berg News do not accept any liability whatsoever in respect of any of the services or goods advertised

Gans-Berg

Have a story YOU WANT TO SHARE:



Hardus: 082 786 0494
Email: info2@gansberg.co.za

Be Part of our December Holiday Guide



Brain Teasers

X K F D A F W I G R W K T L P C C
F D I N I N G R O O M N R O N H B
O J I M O K C C S T E S N V Y I Y
O C O M F O R T E M S L Z E K M T
R I H T M R A W E O E T S S Q N F
F Y N M A I E S R O F X E D T E O
W I X E R T A P T R B A O S J Y G
T M R W H B T I V G E P M N O A I
P R A E I C E I Z N D N R I R L A
L Y X V P G T P C I R H W D L S C
B A T Q A L A I L V O P E A D Y P
M O O R H T A B K I O N S E L V Q
U W A V I V E C Y L M C B N Q B H
L G D O F E N C E E S K L S T E P

ATTIC
BASEMENT
BATHROOM
BEDROOMS
BEDS
CHIMNEY
CLOSETS
COMFORT
DININGROOM
FAMILY
FENCE
FIREPLACE
DININGROOM
FAMILY
FENCE
FIREPLACE
GARAGE
GARDEN
KITCHEN
LAWN

	8		7			2	4	1
1		4		5				8
					1			
				2	8	7		9
				6				4
6								
4				8	9			
5	7		6					
		8			4	6		

Colour me in....



ANSWERS

W V T G C P Z E C J P F U O Q K W
K K C F Q E R O B S K T V E F Q R
P F R P Z N T J F W K G P X X E S
A C I L O A O R E F E R E E F Z F
S E M A D L H X J H S E S F Q B W
S R M Y O T S S N G S I O O Z Z K
V O S E L Y P U E K N E D M E E Q
K C I R T T A H O T C I G E M S P
G S G G O A L I E A A G T I N E I
T K B K T G S M F L L K T H R N P
T C H E C K N R R O M R S I G U E
C I N Z D R N I V I E E O I C I N
V T S A D G W E C V N D T K V D F
A S T S I S S A O I S K D K I N D

7	2	5	9	4	8	1	3	6
6	3	9	1	7	2	5	8	4
1	8	4	3	5	6	2	9	7
9	4	7	8	1	5	3	6	2
5	6	2	4	3	9	7	1	8
8	1	3	2	6	7	9	4	5
3	7	6	5	8	1	4	2	9
2	5	1	6	9	4	8	7	3
4	9	8	7	2	3	6	5	1

NEIGHBORHOOD Watches

AREA	CONTACT	NUMBER
Franskraal	Jaap Koen	082 442 2464
Franskraal Afriforum	Robbie Nelson	083 455 0946
Pearly Beach	Mark Boontjies	072 282 3616
Pearly Beach Oord	Fred Wesson	083 654 4616
Strandveld Plaaswag	Stephan Du Mont	082 642 7358
Kleinbaai	Maryna Basson	073 439 1979
Uilenkraalsmond	Lionel Kemn	063 501 5198
Gansbaai	Hugh-Daniel Grobler	072 352 7776
Perlemoenbaai	Stuart Hayman	079 250 9081
De Kelders	Nico Groenewald	073 919 7777

LET US COMMUNITY WORK TOGETHER

Gans-Berg Nuus/News
028 205 0100 Community Newspaper

EMERGENCY NUMBERS

028 205 0100 Gans-Berg

Gansbaai Municipality:	028 384 8300
Overstrand Municipality:	24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013
Law Enforcement:	028 313 8996 / 028 313 8111
Disaster Risk Management:	028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122
Fire Department:	028 313 8980 / 028 312 2400
Marine & Coastal Management:	028 313 2703
Ambulans Service Toll free number:	10177
1LifeRescue:	Mark Robson - 082 414 9335 0861 13 13 11
CMC Critical Medical Care Ambulans:	028 001 0544
Gansbaai Police Station:	028 384 0201 / 10111
Cassie Carstens:	078 699 6995

IN AN EMERGENCY, EVERY SECOND COUNTS.
SAVE THESE NUMBERS. SHARE THEM. STAY SAFE.



Weather Forecast / Weer Voorspelling

Wednesday 4/11/2026	Thursday 5/11/2026	Friday 6/11/2026	Saturday 7/11/2026	Sunday 8/11/2026	Monday 9/11/2026
23°	19°	18°	17°	22°	19°
Moderate Breeze 7 m/s from south 0 mm precipitation.	Strong Breeze 11 m/s from west 0 mm precipitation.	Fresh Breeze 9 m/s from west 0.9 mm precipitation.	Gentle Breeze 5 m/s from south 0 mm precipitation.	Moderate Breeze 7 m/s from east 0 mm precipitation.	Moderate Breeze 6 m/s from west 0 mm precipitation.

Getytafels / Tide Tables

Dag / Day	High	High	Low	Low
3 November	1058	2343	0438	1738
4 November	1201	0037	0546	1832
5 November	1248	0120	0637	1914
6 November	1328	0156	0718	1950
7 November	1403	0200	0753	2021
8 November	0228	1435	0825	2050
9 November	0300	1505	0855	2118
10 November	0330	1535	0924	2145

Tax Compliance & Administration Services

WE OFFER BUT ARE NOT LIMITED TO:

- Registrations of:
  - Income tax
  - VAT
  - PAYE
  - UIF
  - AND SDL's
- Income Tax calculations for:
  - Companies
  - Close Corporations
  - Trust
  - And Individuals
- Submissions of income returns via E-Filling for above mentioned entities
- Calculation and submission of provisional tax returns via E-Filling.
- Dealing with enquiries, verifications and audits from SARS
- Tax planning advise.
- Request Tax clearance certificate.



Coetzee-Co
A: 56 Barnard Street, Gansbaai T: 066 231 8831 / 028 007 0225 E: info@coetzeeandco.co.za

BIZ LEGAL
OVERBERG Labour & Legal Solutions



SOLUTIONS TO HELP YOUR BUSINESS SUCCEED. TOGETHER.

WE OFFER LABOUR, LEGAL, TAX & ACCOUNTING SERVICES ALL UNDER ONE ROOF

LABOUR MONTHLY RETAINERS
LEGAL MONTHLY RETAINERS
TAX & ACCOUNTING SERVICES

LABOUR SERVICES
TAX & ACCOUNTING
LEGAL SERVICES

CONTACT US TO FIND OUT MORE:

Medical 911

1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335

Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637

CMC
PRIVATE AMBULANCE
MEDICAL EMERGENCY
028 0010 544
GANSBAAI

LSG vier 120 jaar van Gansie-gees

'n Verskeidenheid projekte is die afgelope tyd aangepak om Laerskool Gansbaai (LSG) se 120ste verjaardag onder die gemeenskap se aandag te bring - 120 jaar van trots, tradisie en Gansie-gees! Vrydag, 23 Oktober 2026, het die groot dag uiteindelik aangebreek en is dié geliefde laerskool se besondere mylpaal feestelik gevier.

LSG se mediaspan het laat weet dat dit 'n dag vol glimlagte, vrolikheid en natuurlik ietsie lekkers was! “Ons het die spesiale geleentheid met heerlike koek en kolwyntjies gevier en die Gansies ook aan ons verjaarsdagmuur laat deelneem. Elke leerder se bydrae was 'n klein geskenkie aan 'n skool wat oor 120 jaar soveel vir soveel kinders, gesinne en die gemeenskap beteken het.”

Van klein Gansies tot groot Gansies - almal is trots op die skool wat hulle hul tuiste noem. Mag Laerskool Gansbaai nog vir baie jare 'n plek wees waar kinders leer, lag, groei en hul drome bewaarheid. Die redaksiespan van *Gans-Berg Nuus* dra ook sy opregte gelukwense aan die skoolbestuur, onderwysers, beheerraad en al die Gansies oor - gelukkige 120ste verjaardag, LSG!

Hardus Botha









GasMark – Gebou op passie, geduld en groot drome

Mercia en haar man, Mark Parry, het GasMark in 2019 in Port Elizabeth gevestig. In April 2024 het die egpaar besluit om na Gansbaai terug te keer en hul sake onderneming saam met hulle na die Overberg te bring. Kort ná hul terugkeer het hulle geleidelik weer met installasies begin en terselfdetyd hul volgende groot droom begin nastreef: om die perfekte perseel te vind vanwaar hulle GasMark verder kon uitbou.

Ná ’n lang soektog, baie geduld en groot deursettingsvermoë het dié droom uiteindelik ’n werklikheid geword. “Ons het nou die perfekte perseel waar ons GasMark met groot passie kan bou en verder uitbrei,” vertel Mercia. Die publiek word hartlik uitgenooi om by GasMark in te loer en die wye verskeidenheid produkte en dienste self te ontdek – van kampeerbenodighede tot gasprodukte en -installasies. Ons is in die proses om gas bottels te kan vol maak en om te ruil. Ons doen ook gas "geysers". En natuurlik sal die manne wat lief is vir braai, sommer ’n stukkie hemel hier beleef! Ons het n groot verskeidenheid van "cast iron potte en messe". Maak gerus ’n draai by GasMark en ontdek self wat hulle alles bied.

Be part of our December Holiday Guide

Book your advert

Contact us:

Janine: 072 931 1431
Erika: 072 499 5211
Michelle: 078 010 8286

13 Judo-Gansies, 13 medaljes by eerste kompetisie!





Laerskool Gansbaai (LSG) se Judo-Gansies het hul judostaal deeglik tydens hul heel eerste judokompetisie gewys. “Elkeen van hulle het met 'n medalje om die nek teruggekeer huis toe,” het die trotse LSG-mediaspan laat weet. Die Cape Schools Judo-kompetisie het op 24 Oktober 2026 plaasgevind, met nie minder nie as 13 LSG-leerders wat deelgeneem het - 'n besonderse prestasie!

Baie geluk aan die volgende Judo-Gansies: Ella Joubert, Milania Crafford, Liela Lourens, Francois Marais, Mea Geldenhuys, Lihan Lourens, Quade Crafford, Lamour Smit, Johan Smit, Irmané Geldenhuys, Talita Radyn, Corné Kemp en Duane du Toit.

“Ons is ongelooflik trots op elkeen van julle! Julle deursettingsvermoë, moed en sportmanskap wys dat daar 'n blink toekoms vir judo in Gansbaai wag!” sê die LSG-mediaspan. Die skool het ook 'n spesiale woord van dank aan die afrigter, Quintin Crafford van Kanokan Judo Club, gerig vir sy leiding, ondersteuning en afrigting van die leerders.

Hardus Botha


Gansbaai Gholfklub: Kompetisie-wenners van die week

Kompetisie-wenners van die week: Gavin Flint (Enkel Stableford Sloegterskompetisie), Koos Myburgh (9-putjie Enkel Stableford) en Gavin Flint & H van Apeldoorn (4BBB Stableford).

Woensdag, 28 Oktober:
Gavin Flint wen die Enkel Stableford Sloegterskompetisie met 42 punte, gevolg deur Leon Lombaard 39, Marietjie de Villiers 38, Rene Myburgh 37, Joe Cesare 36, Rene Lambrecht 36, John Wellman 36, Clive Bailey 35, Hugo Groenewald 34, en Johan Coetzee 34.
Naaste aan pen no 17: (geel) Anton Jordaan.

Vrydag, 30 Oktober:
Koos Myburgh wen die 9-putjie Enkel Stableford kompetisie met 19 punte, gevolg deur Pieter Uys19, Tiaan Muller 17, Callie Lourens 17, John Smith 17, Jacobus Bothma 16, Pieter Smal 16, Pero Heyns 15, Sakkie van der Merwe 14 en Willem Germishuys 14.

Saterdag, 31 Oktober:
Gavin Flint & H van Apeldoorn wen die 4BBB Stableford kompetisie met 42 punte, gevolg deur Pieter Loubser & Bertie Laubscher 42, Peet Pretorius & Leon Lombaard 41, Pieter Loubser & Bev Swart 40, Marietjie de Villiers & Clive Bailey 39, Cobus Dippenaar & Hugo Groenewald 39, J Bezuidenhout & Neil Harrison 38, Johan Coetzee & Rene Myburgh 38 en Stephen



Gavin Flint.



Koos Myburgh.



Gavin Flint & H van Apeldoorn.

Brown & Stephan Jackson 38.
Naaste aan pen no 17 (geel): Stephan Brown.
Spog Twee no 2: Anton Jordaan.

Vrydag, 6 November:
*Steak*aand.

Saterdag, 7 November:
Kompetisie is die Maandelikse Houespel.

Verjaarsdae:
Hansie Fourie (2de), Shaun Hart (3de), Ian Aspeling (6de), Gerrit Meyer (8ste), Alfred Horne (9de) en Johnny Stone (9de).

Groete,
Johan Coetzee 082 878 0534

LSG se krieketspanne pak De Villiers Graaff

“Dit was 'n dag vol krieket, spanwerk en goeie gees teen De Villiers Graaff,” laat weet Laerskool Gansbaai (LSG) se mediaspan. Die o/11-krieketspan het weg van die huis teen De Villiers Graaff gespeel, maar moes ongelukkig dié keer die knie buig. “Nietemin is ons steeds trots op hul harde werk en deursettingsvermoë. Knap gedaan!”

Die o/13-span het 'n baie spesiale oomblik vir die skool beleef. Vir die eerste keer nóg het LSG se o/13-krieketspan 'n wedstryd op sy tuisveld gespeel. “Ongelukkig het die reën ons ingehaal en moes die wedstryd gestaak word. Baie dankie aan De Villiers Graaff vir die goeie sportmanskap, en aan al ons spelers en afrigters vir julle insette!” sê LSG se mediaspan.

Hardus Botha



LSG se o/11-krieketspan.



LSG se o/13-krieketspan.

Gans Berg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Hermanus, Stanford

Put your advert here
Contact us:
028 205 0100

Overberg Rots- en Strandhengelklub
Overberg-hengelaars se seisoen in volle swang



Die suksesvolle hengelaars: voor -Piet Louw, Janco Coetzee, Sonja van der Merwe, Eben Swanepoel, Estelle Basson en Marais de Bod; agter - Arno van der Merwe, Charles Steyn, Mias Albrecht, Etienne Jordaan, Sihan Toua, Duif Pienaar en Thys Kemp.

"Dit was gedurende September 2026 ons voorreg om sowat 40 lede vir vyf dae by 'n ou gunsteling, naamlik Jongensfontein-oord, te onthaal," vertel Elba Tredoux van die hengelklub. "Daar is heerlik gekuier, veral saans rondom die vure." Sy sê die ywerige hengelaars het hul bes probeer, maar die weer- en seetoestande was nie baie gunstig nie. "Dit is jammer, aangesien die kus baie gewild is vir sulke geleenthede - ons het selfs 'n mini-tornado gehad wat ons kuiertente aan flarde geruk het!" vertel sy.

Saterdagaand is die gebruiklike prysuitdeling by 'n lieflike restaurant in Stilbaai gehou. Dit was ook die afsluiting van 'n heerlike paar dae se saamkuier. Die wenners vir September 2026 was Mias Albrecht in die eerste plek, gevolg deur Janco Coetzee in die tweede plek. 'n Gashengelaar, Shaun van Zyl, het die derde plek behaal.

"Die dae hardloop by ons verby, en verlede Saterdag, 24 Oktober, was dit weer tyd vir ons plaaslike kompetisie," sê Elba. "Dit wil-wil lyk of die somer hier is, en die dag langs die see is terdeë geniet. Die weer was heerlik, sonnig en windstil, maar die see was baie plat en skoon." Sy sê die Plaat was by verre die gewildste hengelgebied en het ook die meeste vis opgelewer. Die enigste klagte was die bitter slegte pad daarheen! Elba vertel dat die manne wat by die Gruis gaan hengel het, deur 'n oormag wetstoepassers gebombardeer is - dít terwyl hordes stropers die see voor Franskraal leeggemaak het sonder dat dit enige gevolge vir hulle gehad het. Dit bly 'n frustrerende situasie.

Die wenner van die dag was Thys Kemp met 17.3 kg. 'n Nuwe lid, Marais de Bod, het met 10.3kg die tweede plek behaal, terwyl Estelle Basson derde geëindig het met 7.8kg kg. 'n Yslike 57kg vis is gevang - puik gedoen, manne en maninne! Die klub onderskryf die beginsel van *Catch and Release* (vang en laat los).

Dit is nog redelik vroeg in die seisoen, met die Leervisse-span wat gemaklik voorloop en die twee ander spanne nek-aan-nek. Dit is egter nog vroeg om te voorspel - kom ons kyk wat die kabeljou-seisoen oplewer! Die klub was ook bevoorreg om weer 'n aantal nuwe lede te verwelkom, waarna 'n voortreflike ete voorgesit is. 'n Groot deel van die aand se sukses was die heerlike voeteklapmusiek wat deur die klub se "eie" orkes gemaak is - wat 'n voorreg! Daar is reeds 'n opwindende uitstappie vir klublede vir volgende jaar in die beplanning. Elba sê meer hieroor volg later. Die klub sien uit na sy laaste kompetisie vir die jaar, wat die naweek van 21 November 2026 plaasvind.



Die Plaat was baie bedrywig.



Thys Kemp (links), maand-kampioen, by Hendri Badenhorst.



Marais de Bod (links), in die 2de plek, by Hendri Badenhorst.



Estelle Basson (3de plek) by Hendri Badenhorst.

Hardus Botha

Office National
Contact us to order your Personalised Rubber Stamps.
We offer an on-site service
028 313 0003
22 Arum Street, Industrial Area, Hermanus 7200
hermanus@officenational.co.za
www.hermanusofficenational.co.za